

Profetiese woord vir 2017 en verder

Rosh Hashanah 5777 – Die Nuwe Jaar se Joodse jaartal is 5777

Profetiese stemme oor die wêreld sien Jesus Christus, die Koning op aarde, met 'n swaard in Sy Hand staan.

Wat ons herinner aan daardie woord in Eks. 15:3: “Die Here is oorwinnaar in die stryd, sy Naam is ‘die Here’!” Asook aan die woord daar in Heb. 4:12: “Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.”

Met die presiesheid van 'n spesialis swaardvegter, gebruik Hy daardie swaard om met presiese en perfekte intensie daar waar niemand kan sien nie, agter die skerms en diep in die siel van Sy mense, tot op die been te sny en te verander wat nodig is. Totale reformasie en transformasie.

Onthou dat die Here op soveel maniere met ons praat en Woord aan ons bedien. Natuurlik praat Hy eerstens met ons deur Sy Woord, soos ons dit in die Bybel vind. Dit is immers in totaliteit die geïnspireerde Woord van God en daarom, altyd ons enigste ware toets vir Waarheid. As God op enige ander wyse sou praat, is en bly hierdie toets vir Waarheid, ons finale toets vir waarheid.

Die Here herinner ons ook dat Hy deur mense met ons praat, deur die gawes van die Gees, en veral deur profesie. Moet dus nie profesie ooit minag nie, maar toets dit daar aan die voete van God. Maak dus tyd hier aan die begin van die jaar, om die profetiese woorde wat jy ontvang het die afgelope jare, noukeurig en biddend weer te lees en voor die Here te bring.

Hoe God ook al praat, onthou Sy belofte in die verband daar in Jes. 55: 1-3,6, 8-11:

“Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook dié wat nie geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk.

Waarom betaal julle vir iets wat nie brood is nie, waarom werk julle vir iets wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My, sodat julle kan eet wat goed is en versadig kan word met die beste wat daar is.

Gee aandag en kom na My toe, luister, en julle sal lewe. Ek wil met julle 'n ewige verbond sluit, Ek wil my troue liefde aan julle betoon soos aan Dawid.”

En: “Vra na die wil van die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy nog naby is.”

Asook: “My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes.

Die reën en die sneeu kom uit die hemel uit en dit gaan nie daarheen terug nie maar deurweek die aarde en laat die plante bot en vrugte dra, sodat daar saad is om te saai en brood om te eet.

So sal die woord wat uit my mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het.”

Maak daarom asseblief erns met elke profetiese woord wat jy al ontvang het in jou lewe, vir jou persoonlik of vir My mense in die algemeen, sê die Here.

Laat hierdie profetiese woorde uit die verlede, as 'n Woord van God vir jou bemoediging, versterking en vertroosting, die bril word waarmee jy na die verlede, hede en toekoms begin kyk.

As 'n woord van God af is, gaan dit gebeur, ongeag hoe lank dit neem!

Dit geld ook vir die tye wat God spesifiek gepraat het met Sy Kerk, soos destyds in die tyd van Reformasie in 1517. Daarom moet die ware Kerk van die Here weer opnuut gaan kyk en luister na wat God in daardie tyd geopenbaar het. Hoe merkwaardig is dit dan nie dat hierdie jaar die 500 jarige viering van die Reformasie van 1517 is nie!

In Sy Kerk gaan God deur Sy Gees ons weer 'n geleentheid gee om daar aan Sy voete, in die lig van die waarheid van Sy Woord, weer te kies vir wat waarheid is en wat blote tradisie en menslike leringe is. Ja, oor daardie deel van die boodskap van die Reformasie van destyds waar hulle te bang was dat Jan Alleman nie die volle waarheid oor die doop van gelowiges en dus oor wie die ware Kerk van Jesus is, sal kan hanteer nie!

'n Tyd van bonatuurlike openbaring

Soos in soveel gedeeltes in My Woord, nooi Ek jou uit om by My voete te kom sit, sê jou Here en Vader, om hier by My te hoor wat in My hart vir jou is. Soos daar in Jer. 33:3, belowe Ek dat as jy na My roep, sal Ek antwoord en dinge aan jou vertel wat jy nooit op jou eie sou kon uitdink of uitmaak nie.

Ek het immers aan julle belowe dat Ek juis My Gees stuur om in julle te kom woon om ook aan julle dinge te openbaar wat nog kom (Joh. 16:13).

Laat Ek vir julle 'n bril opsit wat hierdie dinge kan sien wat Ek sien en aan julle strategie kan gee oor hoe om in die lig daarvan te handel.

Een van die sleutelwoorde vir hierdie nuwe seisoen, sê die Here, is “strategie”! Dit waarvan Spr. 3:5 tot 10 praat as daar staan: “Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie.

Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.

Moenie dink jy het die wysheid in pag nie, dien die Here en vermy wat sleg is: dit is die geneesmiddel vir jou, die verkwikking vir jou liggaam.

Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes, dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van die wyn.”

Dit is ook die “wysheid” waarvan die Gees van God praat daar in Jak.1 as daar van vers 2 tot 7 die volgende staan:

“My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard.

En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming.

As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyf.

Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word.

So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.”

Ek hoor die Here sê: Daardie projek of uitdaging waarmee jy die afgelope maande of selfs al vir soveel jare mee worstel, of daardie siekte of verhouding waar daar nie 'n deurbraak wil kom nie, kom na My toe en vertrou My om aan jou bonatuurlike insig en strategie te gee. Hou op dink dat jy of die spesialis rondom jou, weet hoe dit moet gebeur. Kom sit by My voete en laat My toelaat om jou met My Woord en Waarheid te bedien deur My Gees. Dan sal jy vind dat die bonatuurlike deurbraak en genesing gereedstaan om deur te breek.

As dit dan opgelos word en gebeur, onthou om My te vereer in gehoorsaamheid met die beste deel uit jou oes.

Wees God se “GROUP FIVE” wat die pad gelyk maak vir die koms van die Koninkryk

Soos 'n Johannes die Doper vanouds die eenaardige tuinslang was waardeur God in die tyd van Jesus Christus, die pad vir die koms van die Koninkryk gereed gemaak het, so wil God in hierdie dae mense soos ek en jy, en selfs 'n Donald Trump, gebruik om daardie woord in Jes. 40:3 (soos aangehaal in Markus 1:2-4) te laat gebeur:

“In die boek van die profeet Jesaja staan daar geskrywe: ‘Kyk, Ek stuur my boodskapper voor jou uit. Hy sal die pad vir jou regmaak.

Iemand roep in die woestyn: Maak die pad vir die Here gereed, maak die paaie vir Hom reguit.’

Só het Johannes die Doper in die woestyn opgetree. Hy het verkondig: Bekeer julle en laat julle doop en God sal julle sondes vergewe.”

God is besig om Sy Koninkryk in die hemel hier op aarde stukkie vir stukkie te laat realiseer. Gebroke mense soos ons, is as't ware Sy stootskrapers wat die opdrag het om op sekere platforms 'n pad gelyk te maak sodat Hy kan kom om bonatuurlik en genadiglik stukkie van die heerlikheid van Sy Koninkryk, Sy genesing, Sy transformasie, Sy liefde, Sy bonatuurlike voorsiening, ens., te laat deurbreek en daar te bedien.

So is ons verteenwoordigers van Sy Koninkryk wat besig is om oral op aarde te kom. Ons is in 'n sin Sy “GROUP FIVE” wat die pad moet maak vir wat Hy rondom ons besig is om te doen.

Ons moet soms 'n voetpad begin trap waar daar voorheen niks was nie. Ander tye is dit net nodig om daar waar reeds 'n tweespoor-pad reeds is, die groot klippe te verwyder en die pad skoon te skraap vir wat Hy verder daar wil doen.

Dit geld natuurlik vir wat Hy besig is om in spesifieke individue se lewens te doen, maar ook vir wat Hy in besighede, areas of in spesifieke gemeenskappe wil doen of mee besig is, sodat iets van Sy Koninkryk ook daar duidelik kan deurbreek en sigbaar word.

Sommige van ons kan vir honderde en selfs duisende, die deure oopmaak en geleenthede skep wat die kanale gaan wees sodat Sy totale voorsiening, of genesing, of transformasie, of lewe en dit in oorvloed, vir hulle en hulle kinders kan deurbreek.

Dit is alles sodat Sy seën, Sy genade en herlewing wat Hy belowe het, oral kan deurbreek.

Jy is een van My handgekose leierspan!

Die Koning van alle konings sê vir jou: Jy is in My A-span! Ek het jou gekies en toegerus met alles wat jy nodig het om daar waar Ek jou geplaas het, en daar waarheen Ek jou nog later sal stuur, My te verteenwoordig en in My Naam My seën en genade aan mense te bedien!

Of in Jes. 61:1 tot 11 se woorde: Die Gees van die Here my God het oor my gekom; die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring aan die mense in nood, Hy het my gestuur om dié wat moedeloos is, op te beur, om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, vryheid vir dié wat opgesluit is.

In 1 Sam. 10 staan dit so volgens die Message-vertaling: “Then Samuel took a flask of oil, poured it on Saul’s head, and kissed him. He said, ‘Do you see what this means? GOD has anointed you prince over his people. This sign will confirm GOD’s anointing of you as prince over his inheritance.’”

Moet asb., nie hier jou vasloop teen argumente soos dat dit in hierdie gedeelte net gegaan het oor Saul nie. In die lig van die goeie nuus van Nuwe Testament, word Saul vir ons hier 'n moderne prentjie van iemand soos 'n Donald Trump wat teen die wêreld se verwagting en die gebreke in sy eie lewe, God se man van die dag kan word om op 70 President van Amerika op 21 Januarie 2017 te kon word.

So sê Jesus Christus, ons Koning, vir ons: Ek het aan jou My Gees gegee om in jou te woon en om altyd by jou te wees om jou so te lei met My stem. Maar Ek het jou ook My Gees gegee om op jou te wees om jou so bonatuurlik te salf en toe te rus met My bonatuurlike gawes van die Gees sodat jy daardeur daar waar Ek jou geplaas het en waarheen Ek jou mag stuur verteenwoordiger en voorbeeld kan wees van hoe dit lyk as iets van My Koninkryk ook daar 'n werklikheid word.

Daarom sê Hy ook aan ons (in die lig van vers 6 e.v.): Onthou elke dag dat Ek jou verander het in 'n nuwe mens. Wat jy voorheen was, tel nie meer vir My nie. Moenie dat dit vir jou tel nie. Gaan jy, en doen wat jou hand vind om te doen in My Naam!

Onthou dus, Ek het jou self gekies om deel te wees van waarmee Ek besig is.

Daar in 1 Kor. 15:23-28 spel Hy dit vir jou uit: Hier op aarde moet al My Seun, Jesus, se vyande voor Hom as Koning buig tot, soos die Message dit vertaal in vers 28: “When everything and everyone is finally under God’s rule, the Son will step down, taking his place with everyone else, showing that God’s rule is absolutely comprehensive—a perfect ending!”

Dit is dus ook ons einddoel en oogmerk in alles wat ons doen en waarmee ons besig is.

Herinner mense hieraan en bedien hulle met Sy genade en goeie nuus in die lig hiervan.

Moenie skrik as dinge begin skud nie!

Wees gereed daarvoor en moenie skrik nie, want dit gaan soms wees soos wanneer julle iemand die ruimte instuur met 'n vuurpyl.

Om deur die aarde se atmosfeer te beur om uiteindelik vry te wees, om teen duisligwekkende spoed deur die ruimte te kan vlieg en om alles van daar af in perspektief te sien, vereis dat julle letterlik losgeskud moet word!

So het Ek daar in Heb. 12:27 vir julle gewaarsku, sê die lewende God, dat alles wat geskud kan word, geskud gaan word!

Dit geld vir dinge in jou eie lewe, maar ook vir die dinge rondom jou en in die wêreld. Moet dus nie bang word en angstig word as dit gebeur nie. Dit is maar net alles deel van die proses waarmee Ek besig is.

Soos wat ruimtereisigers spesiale oorpakke nodig het om die krag hiervan te kan weerstaan, so het Ek aan julle My Gees gegee om julle hiermee te help. Laat toe dat Hy julle hele lewe beheer en julle tree vir tree hierin kan lei en versterk.

Soos daar in Hand. 17:27 en 28 geopenbaar word: Ek het julle juis gemaak om na My te soek, al sou julle soms moet rondtas om My te vind, al is Ek nooit ver van enigeen van julle af nie. Ek het julle gemaak om deur My en daarom deur My Gees in julle te lewe, te beweeg en te bestaan.

Onthou ook deurentyd dat Ek presies weet hoeveel druk julle as My mense in hierdie tyd kan hanteer, om uiteindelik deur te breek in die dinge en in die seisoen wat Ek vir hulle beplan het. Onthou ook dat My bedoeling nie is dat julle net bloot sal oorleef in hierdie tyd nie, maar dat julle sal lewe en ook My oorvloed en seën sal beleef (Joh. 10:10b).

Juis daarom het Ek aan julle gesê: Laat My toe om julle gedagtes te vernuwe. Laat My dus toe om daardie houvas wat ou gedagtepatrone en ou maniere van doen op julle het, te breek, sodat julle vry kan wees om as't ware weer van punt nul nuut te begin en deur My Gees gelei kan word in die volle waarheid (Rom. 12:2; Joh. 8:32).

Soos daardie ruimtereisigers, na hulle deurgebreek het deur die aarde se atmosfeer, net kan terugsit en kan geniet hoe die momentum hulle deur die ruimte dra, so sal julle ook beleef waar julle hier bo by My aan My voete kom sit.

Soos Ek aan julle in Efesiërs openbaar het, sal julle dan letterlik van hier van bo van My troon af, alles in perspektief kan sien (Ef. 2:6). Van hier bo af, sal julle beleef hoe My vrede, wat alle verstand te bowe gaan, julle harte en verstand bewaar in Christus Jesus (Fil. 4:7).

Laat My toe om julle los te breek van alles wat julle so vassuig elke dag! Kom skep hier by My weer asem en leer hier om te ontspan!

Hier sal julle weer beseft waartoe julle toegang het, as julle langs My tafel elke dag kan kom sit as My kinders!

Ek is steeds getrou aan My Woord en beloftes aan julle. Beloftes soos daar in 2 Kron. 7:14 dat as My volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en My aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.

Asook Heb. 4:16 waar die volgende staan: “Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.”

Omdat ons God en Vader totaal in beheer is, kan ons begin ontspan!

Onthou jy hoe God ons so twee jaar gelede soos 'n Esegël vanouds daar in Eseg. 37 laat bid het: Kom, Gees van God, kom uit die Suide en die Noorde, uit die Weste en die Ooste, en kom en bedien nuwe lewe en herlewing hier waar dit skynbaar net dood rondom ons is!

Hier is Suid-Afrika en oor die wêreld, hoor en sien ons hoe God besig is om 'n geestelike oes te gee soos ons nog nooit voorheen gesien het nie. Weereens is die woord wat die Here ons gee, wat die sleutel ook hiervoor is, die woord “bonatuurlike strategie”.

Die Here openbaar dat die volgende vier jaar soos 'n reuse deur of venster voor ons oopgemaak word, wat bonatuurlike toegang gee tot 'n menigte nasies. Verder is daar 'n dringendheid en 'n erns in Sy stem as Hy ons herinner aan ons opdrag daar in Mat. 28:18 en 20:

“Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.”

Hy belowe aan ons 'n oes soos nog nooit vantevore nie.

Ps. 126 – Vertrou die Here vir 'n bonatuurlike oes uit die stoorkamers van die hemel

Luister na hierdie profetiese psalm en word bemoedig, versterk en vertroos:

“'n Pelgrimslied. Toe die Here die lot van Sion verander het, was dit vir ons soos 'n droom.

Ons het gelag en gesing. Onder die nasies het hulle gesê: "Die Here het groot dinge aan hierdie mense gedoen."

Die Here hét groot dinge aan ons gedoen; ons was bly.

Verander tog ook nou ons lot, Here, soos U droë spruite in die Suidland in waterstrome verander.

Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring.

Al loop hy en huil terwyl hy die saaisak dra, hy kom juigend terug terwyl hy sy gerwe dra.”

Oor die wêreld heen hoor ons hoe God profeties belowe om ons terug te betaal vir wat ons verloor het. Maar ook hoe Hy die houvas in soveel mense se lewens se finansies gaan breek en finansies gaan losmaak sodat Sy Koninkryk kan kom.

Hy belowe ook dat ons 'n soveel groter oes gaan sien op dit wat ons gegee het in gehoorsaamheid en in antwoord op ons gebede.

Soos Hy reeds daar in Deut. 28:8 belowe het aan Sy mense wat Hom gehoorsaam: "Die Here sal die seën beveel om oor jou te kom, oor jou graanskure en oor alles wat jy aanpak. Die Here jou God sal jou seën in die land wat Hy aan jou gee.”

Ek sien hoe die hemel se stoorkamer propvol dinge staan met spesifieke mense se name daarop. Die feit dat dit waarvoor jy die Here vertrou of voor gebid het nog nie fisies daar by jou uitgekome het nie, beteken nie dat die Here “nee” gesê het of nie geantwoord het nie.

God is goed. Aan Sy liefde is daar geen einde nie. Daarom kan jy ook kies om te glo dat Sy tydsberekening altyd perfek en op die regte tyd sal wees.